Publication: Beeld (Uitgawe 1)

Date: Tuesday, May 28, 2024

Page: 10

**Pleks van baie komplekse onderhandelinge oor die vorming van koalisies, behoort daar eerder ná die verkiesing gekyk word na die vorming van 'n regering van nasionale eenheid, skryf Daryl Swanepoel.**




Rissa Meia van Kaapstad sit in 'n skuiling wat van verkiesingsplakkate gemaak is. Meia is werkloos en woon op straat. Suid-Afrika se brose ekonomie kan beswaarlik roekelose eksperimente bekostig. Foto: REUTERS

# Alternatief vir 'n koalisieregering

Te oordeel na die jongste peilings kan Suid-Afrikaners verwag dat die ANC in die verkiesing op 29 Mei vir die eerste keer sedert die aanvang van ons demokrasie in 1994 minder as 50% van die stemme sal ontvang.

In Ipsos se jongste peiling, wat op 'n gemiddelde opkoms by die stembus gegrond is, kry die ANC 44% van die steun, die DA 20,9%, die EFF 11%, MK 8,7%, die IVP 3,3% en ál die ander partye saam 12,1%. Die een of ander vorm van samewerking tussen politieke partye sal duidelik nodig wees om 'n regering te vorm.

Indien die verkiesingsuitslae met Ipsos se ramings strook, staan een ding vas: 'n Veelpartyhandves vir Suid-Afrika-koalisie is buite die kwessie en so ook enige ander nie-ANC-koalisie sonder die steun van die EFF en/of MK. 'n Eenvoudige som toon dat selfs al staan alle partye buiten die ANC, die EFF en MK saam, laat dit hulle steeds met net 36,3% van die steun.

Daar is dus vyf koalisiemoontlikhede.

Die eerste vier is 'n koalisie tussen die ANC, die EFF en/of MK; 'n koalisie tussen die ANC en die DA; 'n nie-ANC-koalisie met die EFF en MK; of 'n nie-ANC-koalisie met die steun van die EFF en MK, uitsluitlik om die ANC uit die prentjie te hou, dog sonder dat hulle aktief aan die koalisie deelneem. Die vyfde moontlikheid is die hoogs onwaarskynlike geval van 'n ANC-beheerde koalisie met 'n swetterjoel piepklein partye of 'n kombinasie van kleiner partye en een of twee wegbrekers uit die Veelpartyhandves.

Ál vyf moontlikhede is problematies.

■ Die populistiese neigings van 'n ANC-EFF-MK-koalisie kan lei tot inflasionêre beleide wat beleggers die skrik op die lyf jaag. Ons ekonomie kan beswaarlik sulke roekelose eksperimente bekostig.

■ Die DA sal weinig sin hê in 'n groot ANC-DA-koalisie omdat dit strydig sal wees met sy "alles behalwe die ANC"-belofte aan sy ondersteuners en sy Veelpartyhandves-vennote en dit hom later steun kan kos.

■ 'n Hou-die-ANC-uit-koalisie met die EFF en/of MK is ideologies onsamehangend en dus onvolhoubaar.

■ 'n Minderheidsopposisie-koalisie met die EFF en MK se steun, dog sonder hul aktiewe deelname aan die koalisieregering, sal ook sukkel weens die Klaas-is-baas-problematiek. Kortom, dit sal 'n herhaling meebring van die munisipale onstabiliteit in Johannesburg, Ekurhuleni en Tshwane, dié keer net op nasionale vlak.

■ 'n Gefragmenteerde koalisie sal moeilik wees om bymekaar te hou, met eise van sowel Klaas as baas en toutjiestrekkers.

## Ondiens aan die nasie

Wat sake verder kompliseer, is dat art. 51(1) van die Grondwet bepaal dat die eerste parlementsitting binne 14 dae ná die uitreiking van die verkiesingsuitslae moet plaasvind waar die president ingevolge art. 86(1) van die Grondwet verkies moet word. Die parlement kon nie betyds wetgewing oor die aard van 'n koalisieregering uitvaardig nie en dus is ons nou opgesaal met hierdie bepalings, wat nie bevorderlik is vir 'n koalisiestelsel nie.

Die skep van 'n koalisie vereis dat die koalisievennote 'n koalisieooreenkoms beding wat hul ooreengekome regeringsprogram uitstippel.

Boonop moet hulle besluit op die struktuur van die koalisie, synde die grondslag waarop die uitvoerende gesag en die parlement georganiseer sal word; hulle moet besluit of die koalisie op nasionale en provinsiale vlak eenvormig sal wees; en wie van watter party in die verskillende ampte en setels van die nasionale en die provinsiale uitvoerende gesag, die parlement en die provinsiale wetgewers sal dien.

Hierdie soort onderhandelinge verg tyd.

Om samesprekings van hierdie omvang af te jaag, is 'n ondiens aan die nasie, veral waar die beleidstandpunte van partye wat lynreg van mekaar verskil, uiters versigtige gesprekke en kompromieë vereis.

Wanneer sulke onderhandelinge onder druk plaasvind, sluip daar foute in en word beginsels vir die gerief van mag opsy geskuif. Die gevolge vir Suid-Afrika is gewoon te erg.

Die skep van 'n linkse populistiese regering sal ekonomiese herstel onderdruk, 'n wankelrige koalisie sal dienslewering ondermyn en 'n geriefshuwelik sal die publiek se vertroue in die politiek verder verswak en ons demokrasie benadeel.

Ons land se uitdagings met die ekonomie en dienslewering is gewoon te groot om as proefterrein te dien.

Daar is 'n ander uitweg.

## Deelnemende demokrasie

Nes in 1994, toe Suid-Afrika politici nodig gehad het wat die groter prentjie kon sien – wat die nasie bo die party kon stel – om van die ou na die nuwe bedeling te beweeg, staan die land wéér voor 'n fundamentele oorgang.

Vir hierdie oorgang moet die land homself vernuwe ná jare se staatskaping, ekonomiese agteruitgang, maatskaplike verval en die verval van infrastruktuur. Die verkeerde ingesteldheid in 1994 sou rampspoedig gewees het vir die land; die verkeerde ingesteldheid in 2024 sal ons dekades se vooruitgang kos. Destyds was die oplossing 'n regering van nasionale eenheid (RNE); vandag is dit weer so, ofskoon 'n vrywillige een.

Hoewel 'n vrywillige RNE dieselfde kenmerke van magsdeling as 'n koalisieregering het, skakel dit die kwesbaarheid van afgejaagde en gedwonge koalisiereëlings uit. Deelnemers aan 'n RNE behou hul identiteit en bevorder hul eie beleidstandpunte. Nietemin deel hulle mag op grond van 'n ooreengekome formule, wat vereis dat hulle voortdurend oor regeringsbeleid moet onderhandel – 'n oorwinning vir inklusiewe besluitneming en deelnemende demokrasie as daar al ooit een was.

So 'n model stel enige party met beduidende steun in staat om aan die regering deel te neem sonder om sy beginsels prys te gee of teen sy ondersteuners se wense op te tree. Trouens, dit maak elke stem in die verkiesing selfs kragtiger. Weg is wankelrige koalisieooreenkomste en/of ideologies onvolhoubare reëlings en/of opportunistiese magsinpalming.

## Eenheid in diversiteit

Wat 'n moontlike formule betref, sal dit enige party insluit wat 10% of meer van die stemme op nasionale en/of provinsiale vlak ontvang. Indien die Ipsos-peiling korrek is, sal die ANC, die DA, die EFF, MK, die IVP en moontlik ActionSA by die RNE betrek word. Op nasionale vlak behoort magsverspreiding op die algehele persentasie van nasionale steun te berus en op provinsiale vlak op die relatiewe sterkte van die partye wat meer as 10% in die bepaalde provinsie behaal.

Omdat 'n wyer verskeidenheid van gemeenskappe aan die regering deelneem, kan 'n populistiese verskuiwing na links in ekonomiese beleid getemper word, inklusiewe beleidsvorming versterk word en maatskaplike samehang bevorder word. Dit gee krag en sin aan ons nasionale leuse: Eenheid in diversiteit.



*Swanepoel is die uitvoerende hoof van die Inclusive Society Institute.*

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.